Leiers interpreteer, bou en implementeer

Chris van Wyk en Pieter Fourie

Hierdie *Kruisgewys* fokus op leierskap in die konteks van gemeentes en die kerk.

Daar is alreeds uitstekende literatuur oor dié onderwerp beskikbaar. Daarom is die artikels niks méér nie as ’n beskeie poging om ’n paar prentjies van leierskap te teken wat leraars en ander geestelike leiers in die toewyding aan hulle roeping kan stimuleer.

Paulus beskryf leierskap as een van die gawes van die Heilige Gees wat bedoel is vir die opbou van die liggaam van Christus (Rom 12:8). Vir hom is leierskap teologies ingebed in sy verstaan van die doel en funksionering van die kerk as God se instrument in hierdie wêreld. Leierskap het daarom ’n bepaalde vormende invloed, sowel in terme van die gemeenskap van gelowiges as in terme van die impak van die kerk in die wêreld. Hierdie vormende invloed word deur ’n hele aantal verskillende tipes leierskapstyle en -funksies uitgeoefen, elkeen wat bydra tot die vorming van die kerk as “volgroeide mens”, om soos Christus te wees (Ef 4:11-16).

Mark Lau Branson *(Forming God’s People)* gebruik hierdie gedagte as vertrekpunt vir sy idee dat leierskap se doel in die kerk die vorming van ’n Godsgemeenskap is. Om dit effektief reg te kry, moet leierskap in ’n gemeente volgens hom op drie funksies fokus:

- interpretasie
- verhoudings
- implementering.

Interpretatiewe leierskap skep ’n leerbare omgewing. Die beskikbare bronne – die Bybel, die gemeente se verhaal, die mikro- en makro-omgewing – word gebruik om luisterend God se inisiatiewe in die gemeente en gemeenskap agter te kom. Dit sluit in dat die geestelike, kulturele en finansiële outobiografieë van gemeentes in die lig van ander perspektiewe (“storiemure”) ondersoek word.

Verhoudingsleierskap skep ’n gemeenskap wat met die evangelie en met mekaar in hierdie wêreld op pad gaan. ’n Gemeente moet gehelp word om in ’n netwerk van vennootskappe, intern (kleingroepe) sowel as ekstern (gemeenskap), te funksioneer. Mark gebruik die beeld van ’n “knitting together of lives”.

Implementeringsleierskap sluit al die funksies in wat tradisioneel met bestuur en administrasie geassosieer word. Dit fokus op strukture en strategieë, take en toesig, prosesse en produkte. Dit fokus ook op die inoefening en bemeestering as mentors en afrigters. Dit beteken dat implementering net so veel ’n geestelike tipe leierskap is as die ander twee, naamlik interpretatiewe en verhoudingsleierskap.

Interessant genoeg kom hierdie model van Mark baie ooreen met die pastorale rolle wat Larry Crab *(Inside Out)* vir leraars geïndentifiseer het en wat die tradisionele ampsbeskouing in die spel bring:

- *“to disrupt”* – die profetiese rol waar mense uitgedaag word aan die hand van verskillende “tekste”;
- *“to connect”* – die priesterlike rol waar mense in ’n geloofsgemeenskap aan mekaar verbind word; en
- *“to direct”* – die koninklike rol waar gelowiges na God se nuwe voorkeur toekoms begelei word.

In dié uitgawe kan jy dus lees:

- **Hulp vir moeë dominees wat nie gewaardeer voel nie** – *Deon Loots* fokus op die noodsaaklikheid daarvan om aan jou eie geestelike reis aandag te gee. “Geestelike begeleiding begin dus deur aan jou eie geestelike reis aandag te gee. As jy self nie leer om op só ’n manier by God uit te kom dat jy emosioneel en geestelik kan groei en volwasse word nie, kan jy nie andere op dié reis begelei nie.”
- **Die vaardighede van goeie predikante** – *Leon Venter* ondersoek die vraag na die rol en interaksie van leraars se roeping en kernvaardighede. Hy maak konkrete voorstelle vir die rigting waarin met voortgesette bedieningsontwikkeling beweeg behoort word. “’n Predikant kan ’n briljante teoloog met ’n doktorsgraad wees, maar as hy of sy nie oor die vaardigheid van effektiewe kommunikasie beskik nie, sal hy of sy nie ’n impak in ’n gemeente maak nie.”
- **Vinnige veranderings vra aanpasbare leierskap** – *Malan Nel* en *Ben van Dyk* skryf oor die reformasie wat nóú in die kerk se denke oor leierskap nodig is. Dit gaan nie meer oor beheer en kontrole nie, maar oor samewerking en konsensus waarin die Godsvrae prioriteit moet kry. “Een van die belangrikste eienskappe waaroor vandag se kerkleiers moet beskik, is aanpasbaarheid by nuwe omstandighede.”
- **Planloosheid nie ’n probleem, koersloosheid wél – eerste treë in gestuurde gemeentes** – *Karel van der Westhuizen* ontgin die fokus op die rigting wat ’n mens in gestuurde gemeentes lei, eerder as om met ’n vaste plan van een of ander aard te werk. “Bevestig en vier die verlede, ja. Maar vier en bevestig veral die verhaal van die gemeente se hede en help hulle om hulle gawes aktief te ontsluit. Onthou: die gemeente, net soos hy tans is, is rééds ’n geskenk van God!”
- **Geestelike leiers verstaan die belang van goeie bestuur –** *Arnold Smit* en **’n Aanpasbare kerk** – *Nelus Niemandt* is uittreksels uit die uitstekende boek oor Christen-leierskap wat reeds in 2008 by Bybel-Media uitgegee is.
- **Die rol van mentorskap in die opbou van geestelike leierskap** – *Gerhard van der Merwe* skryf oor die reisgenote wat nodig is op ons lewensreis en die rol wat mentors kan speel om gelowiges effektief te begelei. “Ons mors net té veel energie deur ’n skoot in die donker te skiet en te hoop vir die beste.”